

Skrifgedeelte: Matteus 11:2-19

Teksvers: Matteus 11:12

Tema: Die koninkryk van God: span jou in om dit in besit te neem!

Dikwels, wanneer ons oor die koninkryk van God praat, het ons `n vae idee oor wat presies ons van praat. Dikwels is die koninkryk van God vir ons `n wens, `n droom, `n konsep waarop ons nie ons hande kan lê nie. In werklikheid is die koninkryk van God dikwels vir ons `n skim - iets waarvan ons hoor, maar waaraan ons nie kan vat nie en wat ons nie kan sien nie.

Tog, wanneer ons na die Here se Woord luister, is dit nie eintlik die beeld wat ons van God se koninkryk kry nie! Alles behalwe! Baie keer gebruik Jesus gelykenisse om op `n sienbare en tasbare manier die koninkryk vir ons duidelik te maak en in Matteus 11:12 is dit nie veel anders nie. Ons het wel nie hier met `n gelykenis te doen nie, maar met `n vaste waarheid wat Jesus Christus vir ons duidelik maak.

Hoor bietjie hoe die verskillende vertalings hierdie gedeelte vertaal en hoe tasbaar Jesus Christus vir ons die koninkryk maak in hierdie gedeelte:

Nuwe Afrikaanse Vertaling: "Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself `n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit."

Ou Afrikaanse Vertaling: "Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en die bestormers gryp dit met geweld."

Afrikaanse Direkte Vertaling: "Maar sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe ly die koninkryk van die hemele onder geweld en probeer geweldenaars dit in besit neem."

Jesus Christus praat hier van die koninkryk van die hemele of die koninkryk van God as iets waarteen daar met geweld opgetree kan word, wat bestorm kan word en wat vir homself `n pad oopbreek en iets waarvoor jy jou kragtig moet inspan. Maar hoekom verskil hierdie verskillende vertalings só? Is die een vertaling nie dalk besig om die Bybel te verander nie?

In werklikheid, is hierdie een van die moeilikste verse in die Bybel om te vertaal en te verklaar. Die rede daarvoor is die woorde "geweld" en "geweldenaars" of "bestorm" en "bestormers" wat gebruik word. Dit is net in hierdie gedeelte en in die gelyke gedeelte in Lukas waar hierdie woord gebruik word. Daarmee saam is hierdie woord in `n vorm wat verskillend verklaar kan word. Daarom is daar drie maniere hóé ons hierdie vers kan verstaan.

Die eerste manier is om dit só te verstaan dat daar mense is wat fisies die koninkryk van God wil skade aanrig en wil keer. `n Voorbeeld hiervan is die skrifgeleerdes en Fariseërs. In Matteus 23:13 hoor ons dit wanneer Jesus vir hulle sê: "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en julle verhinder dié wat wel wil ingaan."

Ook later in Matteus 11, wanneer Jesus Christus praat oor hierdie geslag en hoe hulle elke keer ontevrede is met boodskapper wat God se koninkryk aankondig, hoor ons hoe mense fisies, met hulle woorde, probeer keer dat die koninkryk van God moet kom. Met hulle woorde probeer hierdie

mense skade aanrig aan die boodskap van Johannes die Doper en die boodskap en gesag van Jesus Christus.

Die tweede manier is om dit só te verstaan dat daar mense is wat fisies goed wil doen om te veroorsaak dat God se koninkryk nou moet kom. Ons sien dit byvoorbeeld in Johannes 6, waar van Jesus se volgelinge Hom met geweld wil Koning maak en in die manier hoe die Selote met geweld Israel weer as koninkryk wil vestig. Ons moet egter in gedagte hou dat die mense waarvan ons in Johannes 6 hoor en die Selote die koninkryk van Israel gesoek het en nie die koninkryk van God nie.

Hiermee bedoel ek dat hulle `n land wou gehad het waarin hulle alleen sou woon en waarin `n Jood oor hulle sou regeer en waar hulle vrede sou gehad het. Hulle verstaan van "God se koninkryk" was wêreld verwyder van die koninkryk van God wat Jesus Christus vir ons bekend kom maak het. Daarom kan ons nie hierdie vers só verstaan dat dit verwys na mense wat op `n fisiese, tog positiewe, manier die koninkryk wil laat kom nie.

Die derde manier is om dit só te verstaan dat God se koninkryk stadig maar seker besig is om te kom en dat dit nie gekeer kan word nie. Wanneer ons die verhaal van Jesus Christus se koms en bediening in gedagte hou, dan pas hierdie manier van verstaan ook baie goed. "Sedert die dae van Johannes die Doper" wys na die tyd wat Johannes die Doper begin het om te preek en te bedien en sy bediening het daaruit bestaan dat hy die volk moes wys dat die Messias oppad is en wanneer Jesus Christus kom, wys hy dit ook vir die mense.

Dan wanneer Jesus Christus kom, word die koninkryk al hoe duideliker. Ons hoor dit in die manier waarop Jesus se bediening begin. Hy begin deur te preek en te sê: "Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom!" Deur die wonders wat Hy doen wys Hy dat Hy mag en gesag oor die hele natuur en skepping het. Hy wys sy heerskappy oor die duiwel wanneer die Satan Hom versoek, maar Hy nie toe gee nie en God se algehele heerskappy erken.

En wanneer Jesus Christus aan die kruis sterf en uit die dood opstaan, oorwin Hy nie net die sonde en die dood nie, maar is dit `n bevestiging dat Hy oor dit mag het. En wanneer Jesus Christus opvaar na die regterhand van God toe, gaan sit Hy op die troon om as Koning te heers en bevestig Stefanus dit wanneer hy sê dat hy die hemele geopen sien en Christus wat aan die regterhand van die Vader sit.

God se koninkryk is besig om al hoe duideliker te word en alhoewel mense kan probeer om dit te ontken, kan hulle dit nie stop nie. Maar juis daarom moet ons ons ook inspan om dit te leef! Ons, as inwoners van God se koninkryk moet hierdie krag van die koninkryk ook leef. Daarom dat Paulus vir ons sê dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose geeste in die lug. Daarom dat Paulus ons oproep om die wapenrusting aan te trek, dat ons aktief moet besig wees om Jesus Christus se heerskappy oor ons lewens uit te leef.

Maar waar begin ek om my in te span om God se koninkryk in besit te neem; om sy heerskappy oor my lewe uit te leef? Openbaring 8 wys vir ons hoe, wanneer ons hoor dat die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor God geoffer word en dat hierdie gebede dan op die aarde uitgegiet word en dit donderslae, dreunings, weerligstrale en `n aardbewing tot gevolg het. Wanneer gelowiges tot God bid dat sy koninkryk kom, kom wêreld in beweging!

Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking en wanneer ons bid dat God se koninkryk moet kom en dat ons Sy heerskappy oor ons lewe wil uitleef, sal die Heilige Gees ons al hoe meer verander en lei om God se heerskappy uit te leef. Juis daarom moet ons bid en aanhou bid, want dit is in gebed dat God aan ons sy genade en die Heilige Gees gee, sodat ons ook kan sien en kan weet: God se koninkryk is 'n realiteit! God regeer nou al oor my lewe! Span jou daarom in om God se koninkryk in besit te neem, deur te volhard in gebed.

Amen